

2 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 16:1-31
Fokusgedeelte: Lukas 16:29

Twee mense en twee weë

In hierdie hoofstuk is dit baie duidelik dat die Fariseërs baie waarde geheg het aan uiterlike dinge soos die stip nakoming van die wet asook aan rykdom. In vers 14 staan daar dat hulle baie lief was vir geld. Dit was in hulle oë die beeld van sukses voor God en mens. Die mens moet deur rykdom en uiterlike dinge God behaag. Daarteenoor was armoede en aardse stryd 'n bewys dat jy uitgelewer is aan God en die samelewing. Natúúrlík is rykdom en aardse voorspoed nie verkeerd nie, maar die gees en gesindheid waarmee jy daarmee omgaan is bepalend. Dan vertel Jesus hierdie gelykenis van Lasarus en die ryk man. Die ryke was 'n gesiene mens en Lasarus was verag ... tót hulle sterf. Dan openbaar Jesus iets van die hart van God. Lasarus is in heerlijkheid en die rykman in die hel. Ja, jy kan niks van die aardse saamvat nie, net geloof en God se genade. As die ryk man dan pleit dat sy familie gewaarsku moet word, is die antwoord: "Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister" (vers 29). Dit is die skerp punt van dié gelykenis. Ons het die Bybel om na te luister. Die weg wat God van die mens vra is die weg van die Bybel, van geloof en genade. Wie op aarde leef vanuit die Woord van God, sal die ewige lewe beërwe, maar wie die Woord verag en verwerp, sal deur God verwerp word. In die Bybel leer ons God ken as Skepper wat sy heerlijkheid in Christus aan ons openbaar sodat ons getroos en salig deur die Heilige Gees bekwaam en volmaak voor God kan staan. Nie geld of uiterlike dinge nie, maar die genade van die Here is die antwoord (vergelyk verse 1-13). Leef daarom elke dag deur die Woord. Lees jou Bybel en dien God. Dit is alles die moeite werd!

Sing: Skrifberyming 45:4,11,12

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)